Name

Ons lees Kyk mooi na die kaart en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




LIVEWORKSHEETS

**Ons skryf** Bestudeer die kaart van Suid-Afrika en beantwoord dan hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Hoeveel provinsies is daar in Suid-Afrika? | |
| Watter provinsie het die meeste mense? | |
| Watter provinsie het die minste mense? | |
| Watter twee provinsies het ewe veel mense? | |
| In watter provinsie woon jy? | |
| Hoeveel mense is daar in jou provinsie? | |
| Wat is die hoofstad van KwaZulu-Natal? | |
| Wat is die hoofstad van die Noord-Kaap? | |
| Watter provinsie het minder as 2 miljoen mense? | |
| Watter provinsies lê langs die see? | |
| Watter provinsie is die grootste? | |
| Watter provinsie het die langste kuslyn? | |

**Werk met woorde** Vertaal hierdie woorde in Afrikaans.

| | |
|---|---|
| most | |
| least | |
| more than | |
| fewer than | |
| how many? | |
| larger | |
| smaller | |
| million | |
| thousand | |
| parallel | |
| corners | |



LIVEWORKSHEETS



My naam is Malebo. Ek woon in Soshanguve in Gauteng. Ek is 10 jaar oud, en ek is in Graad 5. Ek praat Sepedi by die huis. My stokperdjie is lees. Ek behoort aan 'n boekklub wat elke Saterdag by die biblioteek bymekaarkom. Ons vertel vir mekaar watter boeke ons lees en dan ruil ons boeke om. Ek wil graag 'n bibliotekaresse word wanneer ek die skool verlaat.

Ek is Lulama en ek woon in Mthatha. Xhosa is my eerste taal, maar ek praat ook Zulu. Ek is 11 jaar oud en in Graad 6. My spesiale talent is musiek. My pa is 'n trompetspeler, en hy het my geleer om trompet te speel. Wanneer ek die skool verlaat, wil ek graag musiek aan die universiteit gaan studeer.



Ek is Ndivhuho en ek praat Venda. Ek woon in Thohoyandou in Limpopo. Ek is 14 jaar oud en in Graad 9. Ek speel sokker vir my skool, en ek speel ook vir die onder-15-span die Swart Luiperds. Ek wil eendag 'n professionele sokkerspeler word.



**Ons skryf** Vul nou die besonderhede van elke kind in die tabel in.

| Naam | Ouderdom | Graad | Taal | Provinsie | Stokperdjie | Wil eendag dit doen |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

LIVEWORKSHEETS



Ek is Phaladi van Mafikeng in die Noordwes-Provinsie. Ek is 12 jaar oud, praat Setswana en is in Graad 7. Ek en my maats behoort aan 'n omgewingsklub. Ons kom naweke bymekaar en maak die parke en rivieroewers skoon. Ons geniet dit baie, want ons hou daarvan om tyd saam deur te bring en ons omgewing te bewaar. Ek wil eendag graag 'n wildbewaarder word.

Ek is Zodwa en ek kom van Mbombela in Mpumalanga. Ek is 9 jaar oud en praat Siswati. Ek is in Graad 5. Ek is baie lief vir diere. Ek het 3 honde en 2 katte. Wanneer ek die skool verlaat, wil ek graag 'n veearts word. Ek help elke Saterdag by die Dierebeskermingsvereniging. Ek is ook deel van 'n katversorgingsgroep. Ons help katte wat nie huise het nie.





Ek is Marieta. Ek woon in Kaapstad in die Wes-Kaap. Ek praat Afrikaans en ek is in Graad 12. Ek swem graag, en ek bestee die meeste van my tyd op die strand. Ek het opleiding as 'n lewensredder ontvang. Volgende jaar gaan ek kollege toe sodat ek 'n onderwyser kan word.

Ek is Jan, en ek woon in Kuruman in die Noord-Kaap. Ek praat Afrikaans. Ek is 13 jaar oud en in Graad 7. My stokperdjie is om groente en eksotiese plante te kweek. Wanneer ek die skool verlaat, wil ek 'n tuinboukundige word.





Ek is Mandu. Ek woon in Umlazi in KwaZulu-Natal. Ek praat Zulu en Engels. Ek is 14 jaar oud en in Graad 9. Ek het by die skool by 'n noodhulpklas aangesluit. Ek wil graag 'n verpleegster word. Noodhulp is baie nuttig. Ek het reeds 'n seuntjie se lewe gered.

Skryf nou 'n beskrywing van jouself.



LIVEWORKSHEETS

LIVEWORKSHEETS